

Sing vooraf staande: Psalm 9:9, 10

-9-

Bewys aan my genade, HEER, / en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het, / kyk, hoe my haters my verdruk het!

-10-

Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:1, 7.

1-

Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

-7-

Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.

Gebed

Amen.

Psalm 121:1.

-1-

Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure om,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë

Skriflesing: Lukas 18.

Teks: Lukas 18:13; Kategismus Sondag 4.

O God, wees my, sondaar, genadig.

Hoeveel of hoe lank moet 'n mens jou voor die Here verootmoedig? Het ons enige reg waarop ons kan aanspraak maak voor die Here? Om die vrae te kan antwoord moet ons kyk na die Fariseër en die tollenaar in die gelykenis.

Die tollenaar se hele houding het sy berou en verootmoediging voor die Here uitgespel.

- Die tollenaar het ver bly staan. Die Here beskryf daarmee die beskroomdheid wat daar by 'n mens is wat sy sondes ken.
- Die tollenaar het gevoel dat hy nie heilig genoeg is om voor die Here te verskyn nie, want hy is bang vir die toorn van die Here.
- Hy het besef dat die majesteit van die Here hom in 'n oomblik kan vernietig oor al sy sondes.
- Sy oë het van sy boetedoening getuig. Hy was te bang om na die hemel toe op te kyk. Hy het maar net voor hom op die grond bly staan.
- Van berou het hy met hand op sy bors geslaan, want dit was die plek waar sy sondes gebore is.

- Al die vuilheid van sy sondes is in sy hart gebore.
- Daarom is die hand wat op die bors slaan 'n simboliese handeling wat selfverwyf en berou uitspreek.
- Sy gebed is net die smeking dat die Here hom, wat 'n sondaar is, genadig moet wees.
 - Daar is vir iemand wat eerlik is met homself geen ander uitweg as om net te gaan smee vir genade nie.

Elke ware gelowige behoort hierdie selfde houding te hê as wat in hierdie gelykenis beskryf word. Ons word kragtens ons verlossing in Jesus Christus deur die Heilige Gees tot boetvaardigheid gebring. Hy doen dit deur:

- 1. Ons ons lewensbekwaamheid te laat verstaan.**
- 2. Deur ons die Here se toorn te laat verstaan.**
- 3. Deur nie meer God se regverdigheid te misken nie.**

1. Verstaan ons ons lewensbekwaamheid?

Wat gaan ten diepste in 'n onboetvaardige mens se hart aan? Waarom doen hy verkeerde dinge en waarom is daar nie berou by so 'n mens nie?

- Omdat hy die wet van die Here haat.
- Dit is vir hom 'n belemmering en sulke mense soek na enige manier om hulle daarvan los te maak.

Daar is soveel vyeblare wat gebruik word om die wil van die Here onder verdenking te bring.

- Die moderne mens word 'n mens wat so in sy eie reg lewe, dat hy van dinge soos sonde, en erfsonde en erfsmet niks wil weet nie.
- Hy verstaan nie die sondeval en die gevolge daarvan nie.
- Daarom verstaan die moderne mense oor die algemeen ook nie dat die Here sy wet gegee het om ons uit hierdie sukkelende toestand uit te lei dat ons kan terugkom in God se eer in nie.

In die gelykenis is die Fariseër hiervan tipies: hy is so wonderlik in homself dat hy die Here goed laat verstaan hoe bekwaam hy is, sonder dat hy iets begryp van God se geregtigheid.

- Die gelykenis wys hoe ons sonder die regte begrip van die wet geweldig heen en weer ploeter in ons ellendes - en hoe ons net die afstand tussen ons en die Here vergroot.
- Die genade vir die gelowige is dat die Heilige Gees ons selfs hier nog opsoek en Hy ons die lig van God se genade laat sien.
 - In die gelykenis beeld die Here dit uit met die tollenaar wat die gevaar van sy sonde insien.
 - Dis net die tollenaar wat besef hoe onherroeplik die eise van die wet is en wat dan smee vir vergifnis van sy oortredings.

By ons werk dit ook so. 'n Ware gelowige weet dat hy van sy geboorte af vol sondes is.

- Ons is die straf van die Here waardig - meer as wat ons sy genade werd is.
- 'n Ware gelowige besef dat hy verlore is en in die ewige verdoemenis gaan beland as die Here hom nie genade bewys nie.

Daarom gaan soek elke ware gelowige die Here se vlekkelose Heiligheid en gaan bely hy voor die Here dat hy teen sy majesteit gesondig het.

- Natuurlik doen ons dit met die nodige **respek**. Ons gaan staan ver, soos die tollenaar.
- En **nederig** slaan ons ook op ons bors om ons eie onbekwaamheid te bely.
- Maar oor ons lippe en in ons hart is daar die opregte gebed dat die Here ons tog in ons sondes genadig moet wees.

2. Ons verstaan die Here se toorn.

Dit het 'n uitdrukking geword wat in ons tyd baie gehoor word dat iemand sê: "Ek wil niks te doene hê met 'n God wat oordeel en straf nie. Ek soek net 'n God van liefde."

Die woorde kom ooreen met die Fariseër wat die Here onder die indruk wou bring dat die Here hom moet bedank omdat hy so vroom en ywerig is.

Waarom hoor ons hierdie soort van slagspreuke? Omdat die onderdanigheid aan die Here al hoe meer ontbreek.

- Daarom is kerke al hoe meer leeg, en sportvelde en werksplekke op Sondag al hoe voller.
- Die moderne mens voel benoud as hy hoor van die Here se toorn. Die Here is dan te streng, en hierdie mens het dan baie argumente wat hy teen so 'n soort van godsdiens kan inbring.

Dit is ook waar dat daar baie mense is wat dink dat hulle met die Here kan onderhandel.

- Hulle huil en belowe die Here byna enige iets, as die Here hulle net wil tegemoetkom.
- Hulle glo ook dat hulle nie so skuldig is soos ander mense wanneer hulle dieselfde oortredings begaan nie.

Die ware gelowige mens sien die dinge anders.

- Hy sien sy sonde raak, en ook die geweld wat oor 'n mens kom as gevolg van die sonde.
- Hy sien ook die toorn van die Here oor alle sondes.

Hy loop nie met brille op en dink dat die Here sommige sondes gaan straf, maar ander sondes gaan oorsien nie.

- Hy sien die Here se swaard flikker oor elke verkeerde daad.
- Hy sien die toorn van die Here oor die aangebore en die werklike sondes.
- Hy sien dat waar daar geen berou is nie, en waar die bekering wegbly, die hekke van die hel oopstaan voor sy liggaam en sy siel.

Die ware gelowige besef dat God almagtig en alwetend is, en dat daar geen sonde is wat vir Hom weggesteek kan word nie.

Die Heilige Gees fluister dit vir hierdie mens in dat daar net een manier is om by die toorn van die Here verby te kom. Dit is om te doen wat in Psalm 2:6 staan:

**...kus die Seun in onderworpenheid
buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
...Welsalig wie Hom huldig as hul Heer
wie by Hom skuil en op sy bystand wag.**

3. Ons misken nie meer God se regverdigheid nie.

Niemand wat nie eers, soos die tollenaar, die toorn van die Here erken en gevoel het, kan die barmhartigheid en reg van die Here smaak nie.

- Daarom hoop die onboetvaardige valslik op God se genade.
- Hy wil hoor van die genade van die evangelie, maar nie van die vloek van die Wet nie.

Die probleem is dat genade in daardie geval geen genade meer is nie.

- **lemand wat sonder geloof in God se reg en sonder besef van sy eie doemwaardigheid 'n Christen geword het, is 'n huigelaar.**
- Iemand wat nie die reg van God soos dit in die wet na vore kom, erken en respekteer nie, hoop vrugtelos op God se genade.

Die feit is dat God heilig is. Hy het sy majesteit lief en daarom kan Hy nie anders nie, Hy moet toornig word op almal wat sonde doen en wat daarmee sy reg verag. Lees maar wat staan in Jesaja 33:14 geskryf:

Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur? Wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?

Daarteenoor ervaar die boetvaardige mens, wat homself verootmoedig, die saak heeltemal anders, want hy ken God se regverdigheid, en daarom weet hy ook hoe om te hoop op God se genade. Hy weet dat hy deur sy sonde van God geskei is. Die Here openbaar hierdie aangeleentheid baie duidelik in Jesaja 59:2:

...maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

Die probleem kom dus by ons sondes.

- Dit is ons bondgenootskap met die duiwel.
- Dit is die ding wat die skeidsmuur opbou.

Elke mens wat 'n gelowige is, besef dat die Here se toorn nou nog getemper word deur die genade wat ons in Christus het.

- Maar hoe gaan elkeen wat hierdie genade vertrap die toorn van die Here hanteer wanneer dit met die wederkoms losbreek?

Die genade is dat ons geloofsfundament goed gelê is, want die Here het dit self gelê met die soendood van Jesus Christus.

- Hy het met sy bloed versoening gedoen vir alle nalatigheid en sonde wat ons teen die Here bedryf het.
- Hy het ook gesterf sodat ons deur Hom insig kan hê in ons eie swakhede en gebreke, en dat ons insig ons tot berou mag bring.

Berou beteken verandering of bekering. Ons geloof word daagliks opgebou deur God die Heilige Gees.

- Hy lei ons in ons berou en ons bekering.
- Hy lei ons om te kan wees wat die bloed van Jesus Christus van ons gemaak het.

Elke ware gelowige moet 'n boetvaardige mens wees wat glo en bid. Hy moet 'n mens wees wat homself altyddeur voor die Here verootmoedig, en wat daarna altyd opstaan uit die stof van sy sondes en voortlewe in die heerlijkheid van sy verlossing in Christus.

Luister na die woorde van Psalm 40: 6

Ek pleit o Heer, op U barmhartigheid.

**Bly met U liefde en trou om my,
want ramp en onheil is naby
en om my heen. En in my hart is stryd.
Die sonde uit ver verlede
oorval my matte skrede;
my oog het glans nog gloed.
Hoe groot's my sondes al!
Hoe eind'loos in getal!
In my's geen krag geen moed.**

Kom ons lees Kategismus Sondag 4 saam.

Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof. (a)Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.

Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteeendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c). (a)Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word - dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

(a)Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 40:8

-8-

Laat wie U soek, o God, my hulp in nood, / met almal wat u heil ervaar
in sielsangs en in doodsgevaar, / nou sing en sê: "Die HEER alleen is groot!"
Al is ek arm, ellendig, / Hy dink aan my bestendig.
Hy is die HEER by wie / daar redding is vir my.
U 's tot my hulp naby. / My God, vertoef tog nie!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 4 Mei 2014.